Die Meerdere waarborg die mindere

"… Sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?"

Romeine 8:32

'Hom', die meerdere en 'alles', die mindere.

As God aan ons die meerdere (Christus) gegee het, sou Hy dan nie aan ons die mindere ('alles') skenk nie? Sou God net aan die grotere dink en nie aan die kleine nie? God bly nie halfpad staan nie. Die een groot Gawe het nie sy bereidwilligheid uitgeput nie. Saam met die Gawe en vanuit die Gawe skenk Hy ons ook *alles*.

Reg beskou en gehoor, word alle dinge, en ons sorge daaroor, in hulle juiste perspektief geplaas. Paulus stel die *"sy eie Seun nie gespaar*" van vers 31 teenoor die *"alles skenk*" in 'n verhouding van groot teenoor klein, van meer teenoor minder. As God dan die meerdere gedoen het, sal Hy dan nie die mindere doen nie? So bevestig Hy in Christus die sorg vir almal wat in Hom glo.

Reg beskou, is daar net één Gawe. Buite die geloof om is daar nie werklike gawes nie. Ja, daar is sukses, voorspoed, en 'n bietjie geluk, maar dit is alles nog g'n *seën* nie. Baie geld en vol skure mag in die oë van mense pragtig en benydenswaardig wees, maar sonder Christus kan al die aardse voorspoed 'n vloek wees. Sonder Christus ontbeer ons die seën. Daar mag skynseën wees; maar wie hom in aardse rykdom verheug sonder om aan Christus die eer te gee, ontvang nie werklike seën nie. Hy bly in die aardse verstrik.

Dit lyk asof die ryk boer in Lukas 12 alles het, maar hy het niks. Hy verloor die gawes van die oes en omdat hy die Gawe nie het nie, loop ook sy lewe op 'n ewige katastrofe uit.

Vir die verstaan van hierdie ryke woorde is "*saam met Hom*" (Christus) allesbepalend en allesbeheersend. Hy is die inhoud van God se gee en Hy is ook die waarborg vir ons versorging. In Hom, die meerdere, word die mindere vir ons gewaarborg.

Ons is een met Christus in die vernedering, en daarna ook een met Hom in die verhoging. Christus staan in die middelpunt. Hy is alles, en wie in Hom glo kan weet: Christus het die volle erfenis verwerf. Alle dinge is in Hom gewaarborg.

Het dit met ons lewe van elke dag, die hier en nou, te make? Sonder enige twyfel!

Wanneer God ons met Christus alle dinge skenk, bepaal Hy die inhoud duidelik. Hy gee nie aan ons alle dinge wat ons meen vir ons goed en selfs nodig is nie. Die geloof in Christus gee geen waarborg vir 'n voorspoedige aardse lewe nie. God beloof nie aan een van sy kinders ryk oeste, hoë posisies, 'n siektelose lewe en 'n onbesorgde oudag nie.

As ons trouens die Bybel reg lees en daarin die weg en werk van God volg, weet ons dat die regverdige se teëspoede baie is. Juis God se kinders word nie kruis en teëspoed gespaar nie.

Maar is dit nie in stryd met die waarborg dat God ons alles sal skenk nie? Moenie vergeet dat Hy dit *saam met Christus* skenk nie. Dit beteken dat die gawes verband hou met ons lewe in die wêreld as kinders van God en dissipels van die Here Jesus. God gee ons soveel as wat ons nodig het om vanuit die Meerdere te lewe, sodat die Meerdere, die grootste Gawe, ons lewe sal beheers. 'Alles' is nie 'n doel insigself nie; dit is middele om ons roeping van God te vervul; om uit en by die Meerdere te lewe. Hy bepaal die mindere ter wille van die Meerdere en gee ons alle dinge wat ons vir dié doel nodig het.

Dit kan vir die een meer wees as vir die ander en vir die een kan dit ook heelwat anders wees as vir die ander, want God bepaal die maat van die gawe, of dit baie is of min. Geen mens weet wat die minimum of die maksimum is wat hy sonder geestelike skade kan dra nie. God alleen weet dit en daarom moet ons dit aan Hom oorlaat. God wat die Meerdere gegee het, weet watter mindere ons nodig het om Hom te dien, om uit Hom te lewe, om by Hom te bly, om Hom te eer.

Dit is ’n troosvolle woord. Ons het ’n God Wie se hart, oog en hand in alles is. Ons kan rustig wees. Hy *het* alle dinge, en Hy *gee* alle dinge.

Dit is ewenwel ook ’n bemoedigende woord. Die Here sal vir u sorg as u sy Seun ken en in Hom glo. Hy sal u nie laat omkom nie, Hy gee wat u nodig het, Hy dra u deur die lewe.

Dit is ook ’n woord wat aanspoor, omdat nie die wêreldekonomie en die efektebeurs my welsyn bepaal nie, maar God se sorg.

JH Velema

© 2013
www.christelikebiblioteek.co.za